KZN DEPARTEMENT VAN ONDERWYS
GREENBURY SEKONDÊRE SKOOL
JUNIE EKSAMEN ---2018
VRAESTEL 2---LETTERKUNDE
AFRIKAANS---FAL

GRAAD : 12
DATUM: 14 JUNIE 2018
PUNTE : 70
TYDSUUR: 2 UUR
EKSAMINATRISE : S.SUKHNANAN
MODERATRISE : A.RAMNATH

NAAM VAN LEERLING-----------------------------------------------------------

**HIERDIE VRAESTEL BESTAAN UIT 8 BLADSYE.**

INSTRUKSIES AAN KANDIDATE

1. HIERDIE VRAESTEL BESTAAN UIT TWEE AFDELINGS:
   - AFDELING A --- ROMAN---LIEN SE LANKSTAANSKOENE *deur* Derick van der Walt.----35 punte
   - AFDELING B--- POËSIE—TWEE GEDIGTE---- 35 punte.
2. BEANTWOORD **AL** DIE VRAE.
3. NOMMER JOU ANTWOORDE PRESIES SOOS DIE VRAE GENOMMER IS.
4. BEGIN ELKE VRAAG OP 'n NUWE BLADSY.
5. TYDSINDELING: BESTEE OMTRENT 1 UUR AAN AFDELING A EN 1 UUR AAN AFDELING B.
6. SKRYF NETJIES EN DUIDELIK.
7. SKRYF ASSEBLIEF DIE VOORLETTERS VAN JOU ONDERWYSER/ ESSE: **SRP; PR; PS; SRE; ARA; SSU.**

Blaai om.. Bl 2

AFDELING A—ROMAN

VRAAG EEN---- Lien se lankstaanskoene--- deur Derick van der Walt.
Lees die uittreksel hieronder goed deur en beantwoord die vrae wat volg.

**TEKS A**

Die wit Mazda staan skeef op die sypaadjie voor die skoolhek. Die regtervoordeur staan oop. Sy herken die verspotte poppie van kraletjies wat aan die truspieëltjie hang. Iets wil nie werk nie. Dit maak nie sin nie, sê haar brein. Dit kan nie húlle kar wees wat dié tyd van die dag so skeef op die sypaadjie met 'n oop deur voor dié skool staan nie.

Haar mond word droog en kry 'n snaakse smaak.

Haar ma leun met haar een arm onvas teen die hekpaal. Sy sukkel om nie om te val nie. Haar gesig is bloedrooi en haar oë is vaag. Sy glimlag soos 'n skaap. "Julle kom haal . . ." sleeptong sy.

Lien voel yskoud.

Wouter hou kop. "Kom ek help Tannie om in te klim." Hy vat haar ma ferm aan die arm en help haar agter in die Mazda in.

1.1 Aan wie behoort die wit Mazda? (1)

1.2 Waar was die Mazda geparkeer? (1)

1.3 Kies die korrekte antwoord tussen hakies. Skryf net die vraagnommer en die antwoord neer.
" Lien voel yskoud" want sy was (geskok / gelukkig) (1)

1.4 Beskyf Christien Jooste se toestand in die bostaande uittreksel? (1)

1.5 Motiveer hoekom die volgende stelling ONWAAR is.
Wouter sien Lien se Ma en hardloop weg. (1)

1.6 Voltooi die volgende sin deur die ONTBREKENDE woord in te vul. Kies die antwoord van die lysie wat volg.
Christien Jooste se optrede in hierdie uittreksel dui aan dat sy ------------ was.

A)— vriendelik
B)--- sorgsaam
C)--- onverantwoordelik
D)--- werkloos (1)

Blaai om - Bl 3

1.7 Wie het die motor terug na die woonstel toe bestuur? (1)

1.8 Hoekom het Dirkie vir Lien uitgenooi vir "Tea en Cheesecake" ? (1)

1.9 Rangskik die volgende sinne in die regte kronologiese volgorde. Skryf net die vraagnommer en die korrekte letter neer.

1.9.1 A-- Lien werk in Tant Malie se winkel.
1.9.2 B-- Lien het in die hoek van die straat begin bedel om geld te verdien.
1.9.3 C-- Mnr. Jooste het geld verduister en het in die tronk beland.
1.9.4 D-- Die Joostes het na n woonstel vertrek want hulle het hulle huis verloor.
1.9.5 E-- Christien Jooste het troos in alkohol begin vind. (5)

1.10 Wat het Lien oor Sally Swanepoel se Pa geleer? Noem TWEE dinge. (2)

[15]

TEKS B—LEES DIE VOLGENDE UITTREKSEL EN BEANTWOORD DAN DIE VRAE WAT VOLG.

Die pruik het haar hare plat gedruk, maar dit lyk nie te sleg nie. Toe sy oor die wasbak buk om haar gesig af te spoel, kom die vrou uit die hokkie langs hare te voorskyn. Dis Roos met twee inkopiesakke. Sy kyk onvriendelik vir Lien terwyl sy tot by die wasbakke sukkel.

"Ek is jammer ek het op jou plek gestaan. Ek het nie . . ."

"Jou board is te *fancy*," sê Roos terwyl sy haar hande was. "Die mense gaan nie dink jy is arm nie. En jou voete gaan dit nie hou met daai skoene nie." Sy beduie na Lien se skoene voor sy weer haar sakke optel. Sy draai om en stap sonder 'n verdere woord uit.

Lien staan 'n rukkie stil. Sy kyk na haar plat hare in die spieël en die ou gekreukelde toppie wat sy aangetrek het. Lien Jooste, dis nou jy, sê sy vir haarself. Dinge gaan nooit weer dieselfde wees nie.

Sy sluit haar weer in 'n hokkie toe en begin die munte in die rooi sportsak bymekaarmaak. Sy sal nie kan wag tot sy by die huis gekom het nie. Dis amper R150, baie geld vir een middag se hel. Sy sal kan begin spaar.

1.11 Noem TWEE dinge wat Lien gebruik het om haar te vermom? (2)

1.12 Waar het sy die vermommings gekry? (1)

Blaai om - Bl 4

1.13 Waarom wil Lien'n nuwe paar skoene hê? (1)

1.14 Waar het sy die skoene gekoop? (1)

1.15 Gebruik TWEE woorde om Lien se nuwe skoene te beskryf? (2)

1.16 Gee die DUBBELE betekenis van *"lankstaanskoene"* ? (2)

1.17 Wie is die TWEE mense wat Lien in hierdie hoofstuk ontmoet en wat later haar vriende geword het? (2)

1.18 Pas KOLOM A met KOLOM B.Skryf net die vraagnommer en die letter neer.

| KOLOM A | KOLOM B |
|---|---|
| 1.18.1 Tannie Bets | A—Hy is die rede vir Lien-hulle se finansiele toestand. |
| 1.18.2 Meneer Jooste | B-- Haar gesin is baie ryk maar daar is min kommunikasie tussen hulle. |
| 1.18 3 Braam | C-- Stuur gereëld kos vir Christien en haar kinders |
| 1.18.4 Wouter | D-- Kyk na video's van gelukkige tye. |
| 1.18.5 Miemie Spies | E—Is'n ware vriend aan Lien |

[5x1]

1.19 Voltooi die volgende paragraaf en vul die ONBREKENDE woorde in. Gebruik die woorde in die WOORDEBLOK. Skryf net die vraagnommer en antwoord neer.

| |
|---|
| Suid-Afrika; bankrekening; Europa ; vliegtuigkaartjie; bedel |

Lien wou regtig (1.19.1------------) toe gaan. Daarvoor moet sy geld spaar om'n (1.19 2-----------) te koop. Sy moet ook R20000 in haar ( 1.19.3----------) he. Sy wil nie terug ( 1.19.4------------) toe kom nie.

[4x1]

[20]

Blaai om- Bl 5

## AFDELING B--- POESIE

VRAAG TWEE—Pryslied deur Antjie Krog.
Lees die volgende gedig goed deur en beantwoord die vrae wat volg.

### pryslied

in die sandkliphart
vandag
staan hy
kop en skraal skouers staan hy bo almal uit
houtskool en as is sy hare
hy, die sandkleurige seun van uNosekeni
uNosekeni die ma van Mandela
hy, die man met die vlesige palmkussings
hier staan hy
uit die gevestigde familie van uNgubengcuka
die seun van Dalindyebo
die seun van Mandela
hy van die rivieroewers by iNqunu
heelmaker uit die Thembu-stam

'n klein swart ster priem sy bolip

ons prys hom
hy wat nie lag nie en nie huil nie
eerste ratelaar van Umkhonto we Sizwe
die swart pimpernel
hy wat nie lag nie en ook nie huil nie

hier staan hy dan nou voor ons
Nelson Rolihlahla Mandela
getrokke tak van lank gelede
die sleepsel van sy blare lê wyd
legendaries is hy – opspoorder van harte
hy maak die pante bymekaar
van 'n verskeurde land
hy draai ons na mekaar toe vir mekaar
hy, heelmaker van mense
hy stig vrede
vrede, die ma van groot nasies

(Uit: *Gedigte 1989-1995*, Human & Rousseau, 2005)

Blaai om - Bl 6

2.1 Aan wie word hierdie Pryslied opgedra? (1)

2.2 Noem die rymskema in hierdie gedig? (1)
2.2.1 Gee'n rede vir die antwoord in 2.3. (1)

2.3 Waarna verwys die " sandkliphart" in versreël 1? (1).

2.4 Haal EEN versreël aan wat aandui dat "hy" lank was? (1)
2.4.1 Bespreek die figuurlike betekenis van die versreël. (1)

2.5 In watter provinsie in SA is iNqunu? (1)

2.6 Haal'n woord uit STROFE 3 aan wat sê dat hy'n sterk leier was? (1)

2.7 Sê hoekom die volgende stelling WAAR is. Haal EEN woord uit STROFE 3 aan om jou antwoord te motiveer.
2.7.1 Nelson Mandela is'n baie belangrike hooffiguur in SA se gekiedenis? (1)

2.8 Haal'n VERSEËL aan wat wys dat Nelson Mandela die verskillende rassegroepe bymekaar gebring het. (1)

2.9 Haal die WOORD aan wat vir ons sê dat Suid-Afrika 'n verdeelde en gebroke land was. (1)

2.10 Lees die laaste DRIE VERSREËLS van die gedig.
Noem TWEE karaktereienskappe van Nelson Mandela wat jy van die versreëls aflei. (2)

2.11 Hoe oud sou Nelson Mandela hierdie jaar op 18 Julie 2018 gewees het? (1)

2.12 Kies die korrekte antwoord. Skryf net die vraagnommer en die korrekte letter neer.

2.12.1 "Vlesige palmkussings" in versreël 8 verwys na sy
A)--- kop
B)--- hande
C)--- voete

(1)

Blaai om- Bl 7

2.12.2 "'n Klein swart ster" in Strofe 2 verwys na
A)--- die moesie op sy bolip
B)--- die ster op sy voorkop
C)--- die swart merk op sy skouer (1)

2.12.3 " houtskool en as is sy hare "—versreel 5 verwys na die feit da thy
A)--- jonk is
B)--- sy hare gekleur het
C)--- grys word (1)

2.13 Wat is die TEMA van die gedig? (1)

[18]

<u>VRAAG 3--- Die boodskapper deur Peter Snyders</u>
Lees die volgende gedig goed deur en beantwoord dan die vrae wat volg.

## Die boodskapper

Die aandster vonkel soe speels vanaand
was daa 'n knipoeg
    van jou
        na my?

Djy is so naby
soes die helderste ster
djy's die spoed van 'n gedagte
weg van my

Ek los 'n boodskap by Venus vir jou –
as djy yt jou aandklas
kom, stiek yt jou hand
        haal dit af:

dis die briefie
met die soentjie
        op die omslag

(Uit: *Tekens van die tye*. Protea Boekhuis, 2012)

Blaai om. Bl 8

3.1 Kies die korrekte antwoord tussen hakies . Skryf net die antwoord neer.
" Die boodskapper" is'n (liefdesgedig/ politieke gedig). (1)

3.2 Watter soort spreker kom voor in hierdie gedig? (1)

3.3 Wie is die "jou" in versreël 3? (1)

3.4 Bespreek hoekom Venus as'n beeld in hierdie gedig gebruik word? (1)

3.5 Haal EEN woord uit STROFE 1 aan wat sê dat die aandster pret wil hê? (1)

3.6 Watter soort vraag kom voor in versreëls 2 tot 4. (1)
3.6.1 Bespreek die funksie van hierdie vraag. (1)

3.7 Sê hoekom die volgende stelling ' ONWAAR 'is?
3.7.1 Die spreker gebruik suiwer Afrikaans in hierdie gedig. (1)

3.8 Gee die standaard Afrikaanse woorde vir die volgende . Skryf net die vraagnommer en die antwoord neer.
3.8.1. daa—(versreël 2)
3.8.2 djy--- (versreël 5)
3.8 3 stiek---(versreël 11) (3)

3.9 Volgens die spreker hoe sal die geliefde die brief herken? (1)

3.10 Die rymskema in hierdie gedig is " vrye vers". Sê hoekom jy met hierdie stelling saamstem. (1)

3.11 Wat is die hoofgedagte van die boodskap? (1)

3.12 Pas KOLOM A met KOLOM B. Skryf net die vraagnommer en letter neer.

| KOLOM A | KOLOM B |
|---|---|
| 3.12.1 Binnerym | A—Djy is so naby soes die helderste ster. |
| 3.12.2 Vergelyking | B--- Djy is so naby |
| 3.12.3 Alliterasie | C--- die aandster vonkel soe speels vanaand. |

[3x1]
[17]

**GROOTTOTAAL.. [70]**

GREENBURY SECONDARY SCHOOL
DEPARTMENT OF LANGUAGES
H.O.D. MR S R PANDAY